

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons God laat aanbid sonder enige bewussyn van ons sonde of sondigheid voor God omdat Hy ons deur een volmaakte offer vir God volkome geheilig het. so leef ons in hierdie geloof met 'n vrye gewete en oefen ons onself in ons heiligheid in. Ongelowiges probeer hulle gewete voor God onderdruk om sonder sonde voor God te wees maar eindig dan altyd met 'n slegte gewete teenoor God. Dit is die verskil tussen godsdiens in gewetensvryheid en sonde in gewetenloosheid.

Skriflesing Hebreërs 10: 1 – 3, 10 – 23; Psalm 32.

Teks Hebreërs 10: 22 “Laat ons dan ingaan ... vry van 'n slegte gewete en ons liggame gewas met skoon water.”

Tema Christus skep vir ons aanbidding in gewetensvryheid

1. Daar is 'n groot verskil tussen gewetensvryheid en gewetenloosheid.

In Paulus se twee briewe aan sy kollega, Timoteus, wat hy as mede-predikant opgelei het, stel hy hierdie twee sake teenoor mekaar. Hy verwys 4 keer na aanbidding met 'n skoon gewete: om God en jou naaste te kan liefhê uit 'n rein hart en skoon gewete (1 Tim. 1:5), om die goeie stryd met geloof en 'n goeie gewete te kan stry (1 Tim. 1:19), om met 'n skoon gewete aan die evangelie van Jesus Christus vas te jou (1 Tim.3: 9) en om God met 'n skoon gewete te kan dien. (2 Tim. 1:2)

Gewetensvryheid is om God met 'n skoon en goeie gewete te kan dien.

Gewetenloosheid beskryf Paulus as die onderdrukking van jou gewete (1 tim.1:19 1983 vertaling) en mense wat hulle gewete toeskroei. (1 Tim 2:4)

Die boek Hebreërs stel presies dieselfde geloofsaak in 10: 22 só: Laat ons die allerheiligste van god se teenwoordigheid binnegaan “ vry van 'n slegte gewete”, bedoelende met 'n skoon gewete. Daarom gee Paulus direk daarmee saam die verwysing na ons doop “ gewas met skoon water.”

Gewetensvryheid in ons geloof is om god met 'n skoon gewete, vry van 'n slegte gewete te kan aanbid.

2. In Hebreërs gaan hierdie skoon gewete spesifiek oor ons aanbidding, ons toekeer tot God in geloof en gebed. Christus het die voorhangsel, die gordyn tussen die Heilige en allerheiligste dele van die tempel in Jerusalem letterlik en geestelik geskeur. Dit is weggevat. Letterlik hierdie gordyn in die tempel deur 'n aardbewing geskeur met die doodsoomblik van die Here aan die kruis. So het die Here 'n teken gegee dat ons nou deur sy offerdood die allerheiligste teenwoordigheid van God kan betree met 'n skoon gewete.

Die voorhangsel wat die Here geskeur het met sy dood, letterlik, (Mat. 27:51) het openbaar ons gaan nou deur die offerdood van Christus na God in sy allerheiligste self. (Heb. 10: 19), deur die geloof Hy is die offer vir al my sondes sodat ek

Christus skep vir ons aanbidding in gewetensvryheid

vervolmaak God se teenwoordigheid betree (10: 14) en ons is eens en vir altyd deur God heilig gemaak om in sy heilige teenwoordigheid te mag wees. (Heb. 10: 10, 2: 10,11)

Ons aanbid God deur Christus met 'n skoon gewete sonder enige besef van sonde! (Heb. 10: 2)

Wat is dit? Aanbidding sonder enige besef van sonde?

Dit is aanbidding in die geloof dat Christus is die enigste offer vir al my sondes, eens en vir altyd. Vir die sondes wat ek gedoen het, besig is om te doen en gaan doen. In en deur hierdie geloof kan jy nooit weer in jou aanbidding van God 'n besef van sonde voor God hê nie. (Heb. 10:2)

Hoekom nie?

Want Christus se offer vervolmaak jou in jou aanbidding van God. (10: 14), heilig jou een en vir altyd in jou aanbidding van God, (10:10) en maak dat ons in ons aanbidding van God nooit weer enige offer vir ons sondes kan of mag bring nie.

Ons nader God in aanbidding in die vrymoedigheid dat Christus vir ons 'n nuwe lewend weg tot God is – aanbidding sonder die besef van sonde of sondigheid in die teenwoordigheid van God. (Heb.10: 19 -21) anders gestel: jy mag God nooit weer met die bewussyn dat jy sondaar en sondig is nader in aanbidding nie. Jy mag Hom nie só nader, só aanroep só eer of verheerlik nie.

3. Dit is gewetensvryheid: 'n gewete voor God sonder enige bewussyn dat ek sondaar en sondig is. 'n gewete dat ek voor God en vir God deur Christus vervolmaak en geheilig vir aanbidding is. (10: 10 en 14)

Om God se teenwoordigheid te betree met 'n vrye gewete beteken dat ek nooit God nader met die bewussyn ek is maar 'n sondaar, ek is maar sondig, ek is maar sleg en nie goed genoeg nie. Met 'n vrye gewete God nader beteken om sonder offers na God vir skuld en sonde te gaan. Sonder om jou self op te offer, oor te gee, op te gee, weg te gee en prys te gee om jou saak met God reg te maak.

Wie God met so 'n bewussyn van sonde nader aanbid God op die ou weg en die dooie weg, nie op die nuwe lewende weg nie (10: 20)

Die apostel Johannes verkondig aanbidding sonder 'n sondebeseft so: "En hieraan sal ons weet dat ons die waarheid ken (Christus is die weg en die waarheid en die lewe Joh. 14:6) en met 'n geruste gewete voor God kom staan. Wanneer ons gewete ons veroordeel, God is groter as ons gewete en Hy weet alles." (1 Joh. 3: 18 – 21)

Wat weet God alles? Hy weet dat Christus vir ons sondes aangekla is, veroordeel is, geboet het en vervloek is sodat ons nooit weer vir enige sonde ooit deur God aangekla, veroordeel, beboet of vervloek sal word nie. Daarom kondig Johannes aan dat ons met 'n geruste gewete vrymoedig na God toe kan gaan. (1 Joh. 3: 21)

Christus skep vir ons aanbidding in gewetensvryheid

Aanbidding sonder enige sondebewussyn is om voor God te gaan staan met 'n geruste gewete en sou my gewete my aankla as ek God nader moet ek nie na my gewete luister nie maar na God wat my vir geen sonde ooit weer sal veroordeel of laat boet nie. (Joh. 3: 17, 18) Dit is die aanbidding wat Christus skep deur een volkome offer eens en vir altyd (Heb.10: 10, 14) – aanbidding sonder enige bewussyn van skuld, oordeel, aanklagte, smet of onvermoë. Christus het my en toewyding heilig vir God gemaak. (Heb.2: 11 -13)

4. Is dit hoe ons God aanbid, met 'n skoon, rein en geruste gewete? In alle wêreldgodsdienste en christelike spiritualiteite is dit juis die teendeel. Hier word aanbidding só bedryf en beoefen – jou aanbidding van God moet jou dryf tot 'n sondebewussyn. In die aanbidding van God moet jy jou sondes en sondigheid ervaar en beleef voor God, deur God en in God: “ ek staan in skuld voor God, in minderwaardigheid voor God met die besef van my nuttelosheid en waardeloosheid.

Dit is hoe aanbidding bedryf en beoefen word.

Die rede vir hierdie aanbidding met 'n slegte gewete (Heb.10: 22) is om aanbidding 'n selfreinigingsoefening te maak. In jou ingeoefende sondebewussyn voor God moet jy dan jouself as offer vir jou sonde gee: jy moet jouself oorgee, weg gee, opgee en prys gee voor God. Jy moet niks word in jou menswees voor God en God toelaat om jou hele menswees te verdring deur jou meditasie.

Dit is aanbidding met 'n slegte gewete.

Aanbidding van God deur Christus is nooit 'n oefening in 'n slegte gewete nie maar altyd 'n oefening in die heiligheid wat Christus ons voor God die Vader stel.

Wat is aanbidding as 'n oefening in heiligheid?

Dit is om God aan te roep as die Here wat sy wette op ons harte en verstand neerskryf. (Heb. 10: 16) Anders gestel, om God aan te roep wat my verantwoordelik en aanspreeklik vir liefde volgens sy wet maak terwyl Hy nooit weer aan enige sonde wat ek doen of sondigheid wat ek is, ooit weer sal dink nie. (10:17)

Aanbidding in heiligheid oefen my in my verantwoordelikheid en aanspreeklikheid voor God, nooit in enige skuld of skuldigheid voor God nie.

Watter nuwe plek kry my sonde en sondigheid in aanbidding as ons god sonder enige sondebesef aanbid?

Daarvan is Psalm 32 die duidelikste voorbeeld. Dawid noem hier sy sonde teenoor God sonder enige sondebesef. Dawid noem sy sonde in aanbidding wat in heiligheid beoefen word.

5. Die aangrypende van Dawid se gebed is hoe Hy die Here in aanbidding nader. Hy verklaar dat Hy weet dat die sonde wat hy nou teenoor die Here gaan erken, is reeds vergewe, is deur God bedek en is daar geen sondeskuld voor nie. (Ps. 32:1,2)

Christus skep vir ons aanbidding in gewetensvryheid

Die sekerheid dat hy voor God vergeef is en geen sonde toegereken word nie, gee Dawid die gewetensvryheid om sonder 'n sondebewussyn voor God te verskyn, sonder skuld, veroordeling, straf of vervloeking en dat hy daarom nie in vernedering en minderwaardigheid voor God moet verskyn nie.

In hierdie gewetensvryheid kan Dawid dan met God oor sy sonde praat omdat hy God liefhet. In die sekerheid van God se liefde kan en wil hy nie meer maak asof sonde nie sonde is nie. Hierdie is aanbidding wat god vir sy liefde verheerlik.

Wat het Dawid eers probeer doen?

Hy het probeer om stil te bly voor God oor sy sonde. (32:3) Hierdie stilbly was om soos 'n perd en muil sonder verstand, koersloos te volhard in 'n sonde asof dit nie sonde is nie. Met stilte voor God wou Dawid sy gewete voor God onderdruk en sy gewete toeskroei. Hy het probeer om gewetenloos in sonde te leef. Gewetenloos deur die waarheid van God se liefde te onderdruk. (32:10)

Dawid wou gewetenloos volhard binne die beelde wat hy opmaak dat sy sondes sy deugdes is, soos Paulus dit in Rom. 1 verkondig. In stilte wil mense voor God hulle perversheid as ware liefde glo, hulle hardvogtigheid as sterk beginsels, hulle gierigheid as vernuftige besigheid, hulle selfsug as sorgsaamheid, hulle losbandigheid as vryheid en hul moorddadigheid as geregtigheid. Dit is die gewetenlose aanbidding van afgode. In gewetenlose aanbidding wil mense nie vrygemaak, vrygespreek of geheilig word deur God vir hul sondes nie en kan daar niks wees waaroor mense se gewete hulle mag aanspreek nie, want hulle glo hulle sondes is hulle deugdes en hierdie magsposisie teenoor God handhaaf hulle deur voor God stil te bly.

Hulle soek nie 'n vrye gewete om God in te kan aanbid nie, hulle wil gewetenloos hulle sondes as hulle goeie gesindhede ervaar voor God. In hierdie stilte maak hulle dan vir hulle perversheid perverte gode, hulle losbandigheid losbandige gode, hulle geweld oorlogsgode en hulle magsug kragdadige gode op. (Jes. 44: 18 – 20, rom. 1: 18 - 32)

Vandag skep spirituele leiers vir hierdie gewetenlose aanbidding 'n perverte Jesusbeeld, 'n losbandige Jesusbeeld en Jesusbeelde as 'n oorlogs- of kragdadige God

6. Hoe lank kan 'n gelowige soos Dawid en ons so leef – deur ons gewete te probeer onderdruk en nie met 'n vrye gewete te leef nie?

Wyses waarop mense hul gewete probeer onder druk is om dit waarvoor hulle gewete hul aanspreek, weg te praat, weg te dink, weg te voel, weg te leef, weg te werk, speel of weg te drink.

En dan gebeur die mees ironiese! Wanneer hulle nie meer hulle gewete kan onderdruk of toeskroei nie, dan aanbid hulle God met 'n slegte gewete. Dan stel hulle hulself voor God self aangekla, self beskuldig, self veroordeel en self vervloek. En so met hierdie sondebewussyn bring hulle dan voor God offers vir hul sondes en

Christus skep vir ons aanbidding in gewetensvryheid

sondigheid: hulle gee hulself oor, weg en op en wil niks wees vir God as regstellende aksie vir hul sonde.

Dit is nie wat Dawid doen nie. Hy het probeer om sy gewete voor God te onderdruk maar kon nie so binne God se liefde leef nie. (32: 10) En toe erken hy sy sonde met 'n vrye gewete. Vry van enige skuld, aanklag, veroordeling of vervloeking deur God. Hy het juis sy sonde erken binne die vaste sekerheid van sy heiligheid vir God. (32:1, 2) Hy het dit nie met 'n sondebewussyn erken nie maar met sy vryheid om verantwoordelik en verantwoordbaar teenoor God binne sy liefde te leef. (Heb.10: 16 en 17) En daarom roep Dawid alle gelowiges op om nie te probeer om hul gewete voor God te onderdruk nie, maar in die sekerheid van hul heiligheid met 'n vrye gewete voor God te leef. In hierdie vrye gewete dat Jesus Christus een offer vir altyd vir alle sondes gebring het, is daar ook geen selfreiniging voor god met eie geestelike offers nie. Dawid roep gelowiges op om met 'n vrye gewete God te dien.

Ons aanbid God sonder enige sondebewussyn. Ons staan nooit voor God in aanbidding in ons sonde en sondigheid nie, maar geheilig voor God deur die een offer van Jesus Christus vir altyd. Daarom nader ons God altyd in aanbidding met 'n vrye gewete en nie met 'n slegte gewete nie, en hoef ons nooit ons gewete te onderdruk of toe te skroei soos ongelowiges nie.

Jesus Christus het vir ons aanbidding van God sonder enige sondebewussyn geskep, 'n nuwe en lewende weg om godin sy heilige teenwoordigheid te mag aanroep. (Heb. 10: 2 en 19 – 22)